

20 Oktober

Psalm 55; (Teks: 55:23)

Wat maak jy met jou sorge?

Teëspoed, swaarkry, ellende! Sonder om swarmoedig of pessimisties te wees, moet ons erken dat dit 'n groot deel van ons daaglikse bestaan uitmaak. Swaarkry word niemand gespaar nie. Een of ander tyd lê die ellende beslag op jou persoonlike lewe. Alle mense het laste om te dra, krisisse om te hanteer, teleurstellings en hartseer om te verwerk. Saam met Dawid kan ons sê: "... *my sorge gee my geen rus nie ... Ek is hewig ontsteld... My hart krimp inmekaar in my, doodsangs oorval my, vrees en skrik oorweldig my, my hele liggaam bewe*". Die groot vraag is dus nie: Het jy sorge? MAAR: Hoe hanteer jy jou sorge? Daar is verskillende maniere hoe jy dit kan probeer hanteer:

- Jy kan dit probeer ontvlug. Hoor wat sê Dawid: "*As ek maar vlerke soos 'n duif gehad het, sou ek wegvlieg... ek sou haastig probeer wegkom van hierdie onstuimige wind.*"
- Jy kan probeer veg en veroordeel. Vers 10: "*Dryf hulle uitmekaar, Here,....*" Vers 16: "*Mag die dood my vyande oorval!...*"
- Jy kan onder die druk knak. Dan kom lê die depressie soos 'n swart sak oor jou lewe. Vers 18: "*In die aand, in die môre en in die middag, heeldag kla en sug ek...*"

As Dawid al die moontlikhede oorweeg het, besef hy gou dat sy eie oplossings nie deug nie. Wat dan? Gryp aan die Here vas! "*Laat jou sorge aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg. Hy sal die regverdige nie in die steek laat nie*" (vers 23). Dit is mos presies wat Jesus Christus ook vir ons kom sê *het*: *Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is. Ek sal julle rus gee.*

Om self jou sorge te probeer dra, raak 'n onmoontlike taak. Allerhande slaappille en verdowingsmiddels help net tydelik. Ja, ons eie planne maak die las nog net meer ondraaglik. Dit laat jou op die ou end knak. Nee, *Laat jou sorge aan die Here oor...* Gee dit alles vir Hom en kyk watter bevryding jy ervaar.

Sing: Psalm 130:1,4

Ds. D.J. de Kock (Pietersburg-Suid)